***Die Leviatan***

**225** Maar na `n uur klink daar plotseling `n dreunende slag, asof `n kragtige bliksem vlak in die buurt in `n huis inslaan. Iedereen skrik geweldig en vlieg op; maar hulle dink aan My woorde en word gou weer rustig.

[2] Satan laat egter nie lank op homself wag nie; kort na die slag hoor die rustendes, wat egter geestelik aktief was, `n vreesaanjaende gesis en gefluit en dit duur nie lank nie of aan die oewer van die meer hef `n seldsame monster homself op. Die kop lyk soos die van `n wolf, maar dan minstens honderdmaal groter, die ver uit die bek stekende tong lyk soos `n voortdurend wild kronkelende reuse slang, albei ore lyk soos die van `n reusagtige os, die oë sien daar uit soos twee groot plate van gloeiende erts, die voorpote lyk soos die van `n enorme beer, die agterpote soos die van `n leeu van reusagtige grootte, die liggaam soos die van `n krokodil met die stert van `n draak. Sy gebrul is `n dreunende knal en sy asem `n onheilspellende sis en fluit. So kom dit uit die see op.

[3] Maar aan die oewer wei skape, osse, koeie, kalwers en baie esels. Die monster maak dadelik jag op hierdie huisdiere en verslind vinnig die een na die ander. Toe vlug die huisdiere; maar die ondier kom in ons rigting.

[4] Toe **sommiges** die aankomende ondier sien, maak hulle hulleself klaar om weg te hardloop en sê: “Meester, hierdie toets is darem te erg! `n Aantal kalwers, `n stuk of tien lammers en twee jong eselsvullens het daardie afgryslike monster al opgevreet; nou wil dit hier `n lekker happie kom haal en dit het, op die geur afgaande, sekerlik onder ons iets uitgekies, omdat dit nou ietwat aarselend hierdie kant toe kom. Dit lyk tog wel raadsaam om die brenger des doods `n bietjie te vermy! Want met natuurlike middele kan ons tog regtig niks teen die ondier begin nie, en dit sou baie lank kan duur voor dit oorwin is!”

[5] **Ek** sê: “Laat julle nie in die minste steur nie! Uiterlik kan ons almal saam die ondier nie aanpak nie, want dit is `n algeheel volgroeide leviatan, maar ons innerlike krag sal hom dwing om tot aan die einde van die aarde te vlug; wees dus glad nie besorg nie! `n Korte uurtjie nog, en dan het julle die slagbome en grensvestings van die dood deurbreek, en dan sal die heerskappy oor die hele hel en sy leër julle loon wees!”

[6] Dadelik na My woorde laat die ondier weer `n paar keer agtermekaar sy dreunende stem hoor en daarna beweeg dit homself weer baie rustig, maar tog taamlik vinnig na ons toe, terwyl hy sy vraatsug maar al te duidelik laat blyk deur sy slangtong heftig te beweeg en deur voortdurend te kronkel met sy lang stert, wat so sterk is as `n boom. Maar die leerlinge is nou baie goed geskool en laat sonder vrees en onverskrokke die ondier op hulleself afkom.

[7] Toe dit ongeveer tien treë van ons af is, gee Ek innerlik aan die engel **ArgiEl** `n wenk en hy gaan plotseling voor die dier staan en vra: “Wat kom jy hier doen, satan? Verdwyn - of ek vernietig jou!” Die ondier open sy bek en maak bewegings asof dit wil praat; maar die engel gebied dit nog `n keer om te verdwyn! Toe stoot die dier `n aantal dreunende geluide uit en hardloop daarna met skerp gesis en gefluit die meer in.

[8] Toe dit weer in die see ingeduik het, beweeg dit `n tyd lank die water in die groot baai so kragtig asof die swaarste storm die opgeswiep het; maar geeneen van die leerlinge trek hulleself dit aan nie, en in hierdie laaste uur word hulle rus in Elohim met groot innerlike ywer in stand gehou.

[9] Maar teen die einde van die rusuur kom daar opeens `n swaar onweer. Felle bliksems skiet deur die lug; harde windstote buig die bome haas tot teen die grond, en groot en swaar reëndruppels met hael gemeng, val uit die donker wolke.

[10] `n Paar swakkere leerlinge wil al die huis in vlug; maar **die engel** sê: “Bly, en herken die ydele gegoël van die satan!” Daarop bly hy, en die kwaai reën laat hulle ongedeerd. Dit begin weliswaar al harder reën en die haelkorrels spring baie vrolik oor die grond; maar geen mens word daardeur geraak nie en die reën maak skaars iemand se vel nat.

[11] Dan dreig die engel die wolke en dit skeur dadelik uiteen en dit is dadelik helder dag. Na `n paar oomblikke is die selfbeskouing op `n einde en **Baram** sê: “Meester, wat is vir U die mees geskikte, hier of in huis! Die ete is klaar!”

[12] **Ek** sê: “Laat nog `n halfuur verbygaan, dan is alles in orde! Ek moet nog `n paar woorde aan My leerlinge sê.”

[13] Baram gaan weer na sy skip toe, waar `n aantal sakke goeie wyn in `n groot kis gebêre is; hy laat dit deur sy mense na die kombuis bring en daar `n paar kruike vul, en hy sê aan die kokke dat hulle nog `n halfuur moet wag, en die kos dan eers moet bedien sodra hy aan hulle `n teken sal gee. Daarna kom hy weer na My toe en luister saam na wat Ek aan al die leerlinge oor selfbeskouing en die nut daarvan sê.

***Die weg tot wedergeboorte***

**226** **Ek** sê die volgende: “Julle het nou `n nuwe manier leer ken waarop die mens van die materie oor kan gaan na die steeds suiwerder en reiner geestelike, en hoe hy op dié weg meester oor homself, en daardeur uiteindelik ook oor die hele uiterlike, wêreldse natuur kan word. Volg daarom reëlmatig hierdie weg in My Naam, en jy sal groot mag oor jou hartstogte, en daardeur oor die hele natuur, en in die ander wêreld oor al die skepsele kry.

[2] Julle het die boosaardige verskynsels gesien wat die satan aan julle voorgehou het. Hy het julle vrees en skrik aangejaag; maar julle het julle, vertrouend op My Woord, manlik gedra en het weer in rus versink, en in dié rus het julle algeheel meester geword oor al die kwade gebeurtenisse.

[3] Maar glo nou maar nie dat julle die satan nou algeheel ontmoedig het nie! Telkens as julle weer so `n oefening sal doen, sal julle deur hom verontrus word vir solank julle in die gees nog nie volledig nuut gebore is nie.

[4] **Is julle egter eenmaal in die gees wedergebore, dan het die satan vir ewig alle mag oor julle verloor**, en julle sal sowel regter wees oor hom, as oor al diegene wat hy tot homself aangetrek het, en wat julle hom weer vir ewig sal ontneem!”

[5] **Petrus** vra: “Hoe word mens dan wedergebore? Moet die siel en gees weer in die liggaam van `n nuwe vrou in, en daaruit dan weer opnuut gebore word? Of hoe moet ons ons dit voorstel?”

[6] **Ek** sê: “Dit kan jy nou nog lank nie heeltemal verstaan nie. As Ek eenmaal opgevaar sal wees na die plek waar Ek vandaan gekom het, en My Gees jou gees vry sal maak, dan sal jy die wedergeboorte van die gees wel volledig begryp en deurgrond. Maar nou sal dit nog nie vir jou of vir enigeen van julle al moontlik wees nie. Maar deur die navolging van My leer en deur die lewensoefeninge sal julle ten slotte uit en in julleself daardie lig bereik.

[7] Jy kan dit deur geen enkele leer en nie deur onderrig van buite-af begryp nie, **maar dit moet binne-in julleself gevind word** op die manier wat Ek dit jou nou vir alle tye der tye laat sien.”

[8] **Judas** sê: “Meester, ek het geweldige towenaars en geestesbesweerders en geesuitdrywers gesien: hulle het met die siele van gestorwenes gepraat, en dié praat regtig en verkondig verborge dinge. Hoe het hulle dan die geestesryk binnegedring? Dit is dan sekerlik ook `n soort geestelike wedergeboorte?”

[9] “O ja”, sê **Ek**, “maar nie vir die hemele, wat Elohim se troon is nie, **maar vir die hel, waar die satan en sy engele woon!”**

[10] Daarop sê **Judas**: “As dit so is, dan is die satan ook `n meester met baie, sy dit dan kwade, mag toegerus! Dan dink ek dat indien dit moontlik was, dit beter sou wees om satan te vernietig, as duisendmaal duisend mense deur hom te laat vernietig! Waarom moet daar in `n goddelike orde ook `n satan wees?”

[11] **Ek** sê: “**Om ook vir jou binnekort te vang, omdat jy jou so met hom besig hou!** Dit sal nog lank duur voor jy enigsins sal sien wie jyself is, laat staan nog wat die groot orde van Elohim is, wat om baie wyse redes naas die dag ook `n nag op aarde geskape het. Begryp jy die werklike rede van die aardse nag op aarde, en begryp jy die ewige dag van elke son, waarvan elk ook `n aarde is, net soos die aarde wat jou dra en voed? As jy dit egter nie begryp nie, dan vra Ek aan jou hoe jy hier `n vraag kan stel wat nie betaamlik is vir `n mens teenoor sy Meester, Elohim en Skepper nie! Sou jy nie ook wil vra waarom `n steen hard en waarom die water so sag is, of waarom vuur pyn veroorsaak en die koele water nie?

[12] Maar Ek sê vir jou: as jy niks verstaan nie, leer dan eers iets en wees daarby stil en opmerksaam van gees; en begin jy daardeur iets begryp, dán kan jy maar praat en jou broers strikvrae stel!

[13] Maar sien jy, dit is met jou net soos met al die menslike domheid: Heimlik skaam mense hulleself daarvoor, maar die mense wil dit wegsteek onder allerlei pragtige, wys klinkende vrae; hulle besef egter nie dat hulle daardeur eintlik heel goed hulle domheid ten toon stel nie! Laat daarom My sagte woorde `n les vir jou wees, want anders sou jy dalk flink in moeilikheid kon instorm, en Ek sal jou dan nie so gou uit die modder uithaal nie!”

[14] Judas se moed om vrae te stel is deur hierdie woorde behoorlik afgekoel en hy werp daarna ook ondersoekende blikke na Thomas; maar dié was verstandig en maak asof hy niks van die teregwysing gehoor het nie en al die ander leerlinge doen dieselfde, en daardeur is Judas gerusgestel en hy trek homself wyslik terug.

[15] **Ek** sê toe aan Baram: “Broer, nou kan jy die maaltyd maar laat bedien, maar hierdie keer in die eetkamer!” Baram gaan gou in die kombuis in en kry alles vinnig in orde; ons volg hom, en binne `n uur het ons die ete heel op ons gemak genuttig.